

**Sing vooraf staande: Psalm 98:1, 2 (p. 488)**

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 89:1, 6 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Gebed

**Skrifberyming 15-5:4, 7 (melodie van Ps 134)**

- 4 Aan hulle wat my woord bewaak, / die Satansdieptes nie genaak,  
aan die getroues gee Ek las: / kleef enkel aan my woorde vas.
- 7 BoodsAPPER van die dag wat kom, / die môrester, gee Ek aan hom.  
Ontwaak dan, slapers van die nag, / gee op die Gees se roepstem ag!

**Skriflesing:** 2 Petrus 1:16-21; Johannes 20:26-31;  
Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 3

**Kernvers:** 2 Petrus 1:21 en Johannes 20:30-31

**want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie.  
Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van  
God kom, verkondig.** (2 Petrus 1:21 AFR83)

**Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek  
beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens  
is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van  
God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.  
(Johannes 20:30-31 AFR83)**

**Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 3: Die geskrewe Woord van God**

*Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskryfte die heilige en Goddelike Skrif.*

*2 Pet 1:21; Ps 102:19; Eks 17:14 (Deut 3); Eks 34:27; Deut 5:22; Eks 31:18*

## Tema: Die Bybel is God se Woord vir jou en my

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as daar een boek op hierdie aarde is wat die meeste aanvalle verduur, is dit verseker die Bybel. Van alle sogenaamde godsdienstige boeke word die Bybel die meeste gekritiseer en verdag gemaak deur mense. Die wêreld waag nie om die Koran van die Moslems aan te val nie, want hulle vrees miskien die wraak van die Arabiese volke. Die boeke van die Oosterse godsdienste word ook met rus gelaat, miskien omdat die mens uit daardie boeke allerhande regverdigings kry vir hulle seksuele wanpraktyke en fantasieë. Maar wanneer die Bybel ter sprake kom, ken die mens geen einde aan sy kritiek nie.

Wat dit nog meer ontstellend maak, is dat dit nie net aanhangers van al hierdie ander valse godsdienste en afgodsdienste wat die Bybel verdag maak nie, maar ook mense wat hulleself Christene en teoloë noem, het vlymskerp woorde teen die Bybel. In die laat negentigerjare van die vorige eeu het die gesindheid van die Jesus Seminaar in Amerika na Suid-Afrika toe oorgewaai. 'n Teoloog in Pretoria het ook meegewerk by hierdie Jesus Seminaar. Hulle het hulle besig gehou om die Nuwe Testament te ontleed om agter te kom watter woorde regtig deur Jesus gesê sou wees en watter nie. Sodoende het hulle inderwaarheid die Nuwe Testament al kleiner gemaak op grond van hulle eie menslike oordele. Uit hierdie werksaamhede het mettertyd die sogenaamde nuwe hervorming ontstaan waarby 'n teoloog in Johannesburg prominent is. Uiteindelik het hierdie sogenaamde nuwe hervorming kragte saamgesnoer met denkrigtings uit die New Age en ander filosofiese gedagtes en dit het gelei tot die stigting van 'n Renaissance gemeente in Pretoria en Kaapstad. Hulle noem hulleself 'n gnostiese, geestelike kerk. By hierdie sogenaamde kerk is dit nie meer die Here en sy Woord wat sentraal staan nie, maar die mens en wat hy uit hierdie lewe kan kry.

Hierdie aanvalle wat mense op die Bybel maak, veroorsaak dat baie gelowiges verward raak. Daarom begin gelowiges op straat al vra of die Bybel werklik die Woord van God is. Wie sê dat hierdie ses en sestig boeke alleen die Bybel is? Kan daar nie nog boeke wees wat ons nog net nie gevind het nie? Geliefdes, u kan aanvoel hoe al hierdie dinge meewerk om die fondament waarop staan weg te kalwe. Van kleins af glo ons en bely ons dat die Bybel die Woord van God is en nou is daar slim mense, selfs teoloë, wat beweer dat dit nie so is nie.

Die Heilige Gees bemoedig ons vanaand. Vandag se aanvalle teen die Bybel is nie die eerste keer dat mense die Bybel verdag wil maak nie en dit sal verseker ook nie die laaste keer wees nie. Reeds in die eerste eeu na Christus, om presies te wees 33 jaar nadat Jesus Christus die volle prys op Golgota betaal het vir ons sondes, het die mense al begin om die Bybel as 'n blote menslike boek te begin beskou. Om hierdie rede is Petrus deur die Heilige Gees gedryf om ook sy tweede brief te skryf.

Maar kom ons neem die handvatsels van ons Nederlandse Geloofsbelydenis om vanuit die Skrif self te hoor of die Bybel die Woord van God is. In artikel 2 bely ons dat ons onsienlike en onbegryplike God Homself deur twee middele aan die mens bekend maak. Die een manier is **deur die skepping, regering en onderhouding van die hele wêreld**. En die tweede manier is **deur sy heilige en Goddelike Woord**. Ons bely dus dat God Homself algemeen openbaar en besonder openbaar. God se algemene openbaring is dan die eerste manier waardeur God Homself bekend maak aan alle mense. Elke mens kan van die begin van die skepping af **uit die werke van God aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy werklik God is** (Romeine 1:20 AFR83).

Tog wou die Here van die begin af Homself nog duideliker en meer volkome aan mense bekend maak. Daarom het Hy Homself aan sekere mense wat Hy gekies het, bekend gemaak deur met hulle te praat in mensewoorde, -taal en -beelde. God het reeds in die Paradys met Adam en Eva gepraat. Aangesien hulle volmaak die beeld van God was, het hulle verseker geweet dat dit God is wat met hulle praat. Na die sondeval het God steeds met hulle gepraat. In liefde het Hy hulle opgesoek, hulle geoordeel met sy eie mond en met sy eie mond ook die belofte van genade aan hulle gemaak: Een uit die nageslag van die vrou sou die slang se kop vermorsel.

Deur die Here ons God se besondere genade vir sy mense en ter wille van hulle saligheid het die mens na die sondeval nie alles vergeet wat God voor die sondeval met hulle gepraat het nie. Die sondeval het nie geheueverlies veroorsaak nie. En deur die lang lewe wat Adam en sy nageslag aanvanklik geniet het, het die Here verseker dat sy heilige en Goddelike Woord van geslag tot geslag oorgedra kan word. Adam, wat 930 jaar oud geword het, kon nog byvoorbeeld aan Lameg, die pa van Noag, vertel van die tuin van Eden en die sondeval. Sem, die een seun van Noag, het nog vyftig jaar na Isak se geboorte gelewe sodat deur Sem God se Woord aangaande die sondvloed ook nog aan Isak vertel kon word.

Nie net in die tyd van die Ou Testament het God mense gebruik om sy Woord mondelings aan ander mense oor te dra nie. Ook in die tyd van die Nuwe Testament het dit so gebeur. Die mense wat vir Jesus Christus ontmoet het, kon nie anders nie as om vir ander mense van Hom te vertel. Hoeveel keer het Jesus nie vir diegene wat Hy genees het, gesê om dit vir niemand te vertel nie, maar daar was geen keer aan hulle nie. Waar hulle ook al gegaan het, het hulle van Jesus vertel. Die voorbeelde is te veel om nou op te noem. En hierdie mense het nie net van Jesus gepraat as die groot Geneesheer nie, maar hulle het ook vertel van Hom as die Christus, die Gesalfde van God. Die mense aan wie dit vertel is, het tot geloof gekom in Jesus en geweet dat Hy die Verlosser is.

Ook die apostels het soos die profete van die Ou Testament God se Woord eers mondelings aan die mense verkondig. Oral waar Paulus en die ander apostels gereis en gepreek het, het hulle van Jesus Christus, die Seun van God, ons Verlosser, gelear. En 'n menigte mense het deur hulle woorde tot geloof gekom. Die Heilige Gees sê dan vir ons dat tot 3 000 mense op Pinksterdag in Jesus begin glo het omdat Petrus die Woord van God verkondig het. En kort-kort is daar nog meer by die getal van die gelowiges gevoeg deur die mondelingse verkondiging van God se Woord.

Geliefdes, dit is teen hierdie mondelingse verkondiging van God se Woord wat die mense in Petrus se tyd al te velde getrek het. Toe al het hulle die verkondiging deur die profete en die apostels verkleineer en gesê dit is net mense se woorde. Dit is iets wat deur mense uitgedink is omdat hulle mense daarmee wou fassineer. Petrus beklemtoon egter dat wat hulle verkondig het, **nie versinsels of legendes** (2 Petrus 1:16 AFR83) was nie. Hy het immers saam met Johannes en Jakobus op die berg van verheerliking gehoor hoe God self vanuit die hemel sê dat die Jesus wat by hulle is sy geliefde Seun is. Wat Petrus-hulle van Jesus gesien en gehoor het, het hy saam met die ander apostels verkondig.

Daarom kan hy met soveel sekerheid sê: **geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie** (2 Petrus 1:21 AFR83). Geen profeet of apostels het sommer op 'n dag besluit hy gaan 'n klomp dinge kwytraak en dit as die Woord van God aan mense voorhou nie. Nee, die Heilige Gees het hierdie mense meegevoer om die Woord wat van God kom te verkondig. Petrus is een van die baie mense wat deur die Heilige Gees meegevoer is om die Woord van God te verkondig.

Die woord wat Petrus hier gebruik om die werk van die Heilige Gees te verduidelik, is dieselfde woord wat aandui hoe wind 'n seilboot op die water voortdryf. Soos 'n seilboot voortgedryf is deur die wind, so het die Heilige Gees mense meegevoer om die Woord van God te verkondig, hulle kon nie anders nie. Iets van hierdie kon-nie-anders-nie sien ons in die lewe en werk van Jeremia as profeet wanneer hy sê: **En wanneer ek dink ek sal my aan die Here nie steur nie en nie meer in sy Naam praat nie, dan word dit in my soos 'n vuur wat brand en waarvan ek nie kan loskom nie** (Jeremia 20:9 AFR83). Hoor u dit, geliefdes? Wanneer God Homself deur sy heilige en Goddelike Woord bekend maak, kan mense nie stilbly nie. God se Gees dryf hulle om te praat en te verkondig.

Maar namate die mensdom oor die aangesig van die aarde verspreid geraak het en die mense nie meer so lank gelewe het nie, en omdat die Here die boosheid van die mens se hart geken het, het God sy besluit om sy Woord op skrif te stel tot uitvoer gebring. Deur sy besondere sorg vir mense en ter wille van ons saligheid het God sy knegte – die profete en die apostels – beveel om sy geopenbaarde Woord neer te skryf. Moses is die eerste mens van wie ons weet wat so deur die Here beveel is om sy Woord neer te skryf. So het die Here dan ook later die ander profete beveel om te skryf. Jeremia moes die beroepskrywer, Barug, as sekretaris gebruik. Paulus het ook in die meeste gevalle van iemand anders gebruik gemaak om te skryf terwyl hy die Woord van God aan hom gedikteer het.

Ook in die neerskryf van God se Woord, broers, susters en kinders, het die Heilige Gees die profete en apostels meegevoer. God het Homself nie net deur sy Woord aan hulle bekend gemaak en gelos nie. Hy weet immers dat 'n mens se geheue nie alles sal kan onthou nie. Daarom was God ook deur sy Gees met sy skrywers toe hulle neergeskryf of gedikteer het. Daarom bely ons ook dat die Bybel deur God geïnspireer is. *Inspireer* beteken iets soos *inasem*. Die Heilige Gees het God se Woord in die skrywers ingeasem sodat hulle God se Woord onfeilbaar kon neerskryf.

Deur die eeue was daar verskillende verklarings oor wat ons gelowiges bedoel as ons sê dat die Bybel deur God geïnspireer is. Sommiges het beweer dat die Heilige Gees die skrywers soos tikmasjiene gebruik het. Elke letter en letterstrepie is deur die Heilige Gees in die skrywers ingegee en hulle het soos 'n gehoorsame tikmasjien net die letters en letterstrepies op die papier getrek. Volgens hierdie verklaring het die menslike skrywers so te sê geen aandeel nie behalwe om net neer te skryf.

Ander het weer beweer die Heilige Gees het die skrywers net gehelp sodat hulle nie foute maak nie, maar verder was die skrywers geheel en al op hulle eie. Met hierdie verklaring het die mense weer alleen aandeel en die Heilige Gees kom net so nou en dan by. Dan is daar ook nog 'n derde verklaring. Volgens hierdie verklaring het die Heilige Gees godsdienstige emosies en gewaarwordings in die mense wakker gemaak sodat hulle hul eie godsdienstige belewenisse neergeskryf het. As dit die geval was, sou die Bybel nie die Woord van God kon wees nie, maar slegs 'n beskrywing van mense se belewenis van God.

'n Ander meer moderne verklaring is dat die Bybel slegs 'n feilbare, menslike boek is wat getuienis gee van God se Woord. Daarom is die Bybel nie die Woord van God nie, maar kan die Woord van God word wanneer God wil hê dit moet sy Woord wees. In hierdie verklaring kry die leser van die Bybel weer die oorhand. Wanneer hy of sy die Bybel lees en hulle ervaar op daardie spesifieke oomblik dat God met hulle in die Bybel praat, is daardie gedeelte wat hulle lees in daardie stadium die Woord van God. Ander tye bly die Bybel maar net 'n menslike boek.

Wat bedoel ons Gereformeerdes dan as ons sê die Bybel is die geïnspireerde Woord van God? Luister weer wat sê Johannes: **Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê** (Johannes 20:30-31 AFR83). Uit hierdie woorde maak die Heilige Gees aan ons duidelik dat Hy nie die mense se talente en gawes oorgeslaan het nie. Hy het voluit daarvan gebruik gemaak.

God het hierdie mense wat geskryf het immers al voor die skepping gekies en daarvoor bestem om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel. God het byvoorbeeld bepaal dat Paulus as 'n egte Jood uit die stam van Benjamin gebore moet word. Hy het gesorg dat Paulus 'n goeie opvoeding by sy ouers kry. Hy het gesorg dat Paulus deur die skrifgeleerdes onderrig word in die wette van Moses. Hy het aan Paulus die gawe gegee om goed te kan redeneer. En deur al hierdie dinge het Hy vir Paulus voorberei om hom uiteindelik op die pad na Damaskus 'n volgeling van Jesus Christus te maak. Daarna het die Here Jesus self vir Paulus nog drie jaar in Arabië onderrig sodat hy Jesus as die Christus kon gaan verkondig en wel as die Een wat met sy kosbare bloed aan die kruis Jood en Griek, slaaf en vryman, man en vrou losgekoop het van die Satan se heerskappy.

Met hulle aangebore gawes en talente het die Heilige Gees hulle gebruik toe Hy God se Woord aan hulle gegee het en hulle meegevoer het om dit te preek en neer te skryf. Dit is wat ons bedoel as ons sê die Bybel is die geïnspireerde Woord van God.

Nou moet ons ook dit weet, geliefdes. Al God se woorde wat Hy met mense gepraat het en elke wonderteken wat Hy gedoen het in sy besondere openbaring is nie alles in die Bybel neergeskryf nie. In die heel laaste vers van die Evangelie volgens Johannes sê hy: as alles wat Jesus gedoen het, neergeskryf moes word, sou daar seker nie genoeg plek op die aarde wees vir al die boeke nie. Ook in ons kernvers hoor ons dat Jesus baie ander wondertekens gedoen het, wat Johannes nie beskrywe het nie. Maar alles wat Johannes en al die ander skrywers neergeskryf het, het die Heilige Gees laat neerskryf sodat ons God regtig kan leer ken as ons Skepper en Vader, en in Jesus Christus leer ons Hom ook ken as ons Verlosser. Die Bybel is dus nie die hele besondere openbaring van God nie maar is deel daarvan. En dit is die deel wat Hy, ons getroue God, nodig geag het wat ons moet weet sodat ons in Hom, die Drie-enige God kan glo en bly en lewe.

Laat ons God dan dank dat Hy besondere sorg vir ons en ons saligheid het en ons sy Woord op skrif gegee het. Laat ons aanhoudend bid om die leiding van die Heilige Gees om hierdie Woord van God te verstaan. En laat ons gelowiges vas bly staan by dit wat ons glo: die Bybel is die Woord van God vir jou en my.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:6, 7 (p. 587)

- 6 In u wet smaak ek 'n vreugde / groter as waar hy van weet  
wat sy goed en aardse skatte / in hul waarde nie kan meet.  
Daarmee bly ek altyd besig, / daar't my soetste oorpeinsing is;  
mag maar niks die bron van vreugde / ooit uit my gedagte wis.
- 7 Help my, HEER, dat ek kan lewe; / dan wil ek u woord bewaar.  
Laat my oog aanskou die wonders / wat u wet my openbaar.  
Wat besit ek hier op aarde? / Niks is daar wat my behoort.  
Maar één ding, daarna verlang ek – / dis die rykdom van u woord.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
5 Augustus 2012